# VEREENIGING HENGELKLUB

# HUISHOUDELIKE REËLS

## 1. DOELSTELLING MET HUISHOUDELIKE REËLS

1.1 Die Huishoudelike Reëls van die Klub is ‘n aanhangsel tot die Grondwet van die Klub en is as sulks ondergeskik en onderhewig aan die bepalings en regulasies van die Grondwet.

1.2 Die Huishoudelike Reëls het ten doel om onderhewig aan dié reëls, regulasies en die voorwaardes van die Grondwet, meer duidelikheid en breedvoerige toeligting te verleen aan beleidsaspekte waarvan daar geen of min besonderhede in die Grondwet van die Klub verskyn.

1.3 Die Reëls het verder ten doel om die bestuursvaardighede en effektiwiteit van die Klub te verbeter deur onduidelikhede en misverstande uit te skakel en doeltreffende kommunikasie tussen die Klub en sy lede te verseker.

1.4 Die Huishoudelike Reëls het bindende krag sover dit direkte verwysings na die Grondwet bevat en op besluite gebaseer is wat op ‘n Algemene Jaarvergadering geneem is.

1.5 Die Huishoudelike Reëls kan sonder vooraf kennisgewing deur ‘n twee-derde meerderheidstem gewysig word deur ‘n Algemene Jaarvergadering of Uitvoerende Komiteevergadering.

## 2. AFFILIASIE VAN DIE KLUB BY EKSTERNE LIGGAME

Die Klub sal jaarliks by die Gauteng Varswater Oewer hengel Vereniging affilieer.

## 3. NAAM EN ADRESLYS VAN DIE KLUB

3.1 Die Sekretaris van die Klub is verantwoordelik vir die byhou van die Klub se adreslys.

3.2 Ten einde te verseker dat die Klub se adreslys altyd volledig op datum is moet die Bestuurslede en lede die Sekretaris onverwyld van enige adresveranderings in kennis stel.

## 4. FINANSIËLE VERPLIGTINGE VAN LEDE

4.1 Die Finansiële verpligting van lede word op die Algemene Jaarvergadering vasgestel.

4.2 Ledegeld is vooruitbetaalbaar.

4.3 Aanbeveling oor die finansiële verpligtinge van die lede sal deur die Tesourier aan die Vergadering voorgelê word. Aanbevelings word gedoen op ‘n basis van behoorlike vooropgestelde begroting.

## 5. PROSEDURES EN TYDPERKE WAAROP GELDE BETAALBAAR IS

5.1 Die Tesourier sal ‘n kennisgewing aan alle lede stuur ten opsigte van gelde betaalbaar.

5.2 Gelde moet in die Klub se bankrekening gedeponeer word of aan die Tesourier oorhandig word. In die geval van bank oorbetaling moet ‘n afskrif van die inbetalingstrokie aan die tesourier beskikbaar gestel word. In albei gevalle moet ‘n kwitansie deur die Tesourier uitgemaak word.

5.3 Lede kan met die Tesourier onderhandel oor afbetaling van ledegelde.

5.4 Indien lede nie hul finansiële verpligtinge nagekom het teen 30 Junie van elke jaar nie, sal die betrokke lid outomatiese deelname aan die aktiwiteite van die Klub ontsê word.

## 6. REGISTRASIE PROSEDURE VAN INDIVIDUELE LEDE

6.1 Ten einde te voldoen aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Oewer hengel Federasie word die volgende inligting van elke lid verlang tydens aansoek om lidmaatskap:

6.1.1 Lede register nommer
6.1.2 Volle voorname en van
6.1.3 PDI merker
6.1.4 Identiteitsnommer
6.1.5 Kategorie: Mans, Dames, Junior mans, Penkoppe
6.1.6 Volledige posadres
6.1.7 Kontaknommers (Telefoon/sel)

## 7. PROSEDURES BY DIE AANSOEK OM HENGELREKORDS

7.1 Daar bestaan drie gerei klasse ten opsigte waarvan daar vir ‘n rekord vangs aansoek gedoen kan word naamlik:

7.1.1 **Ligte gerei klas –** van toepassing op vangste met ‘n lyn waarvan die deursnee 0.22mm en dunner is;

7.1.2 **medium gerei klas –** van toepassing op vangste met ‘n lyn waarvan die deursnee 0.29 mm en dunner is; &

7.1.3 **Swaar gerei klas –** van toepassing op vangste met ‘n lyn waarvan die deursnee 0.30 mm en hoër is asook vir enige sintetiese lyn.

7.2 Daar is verder twee rekord kategorieë waarin hengelaars aansoek kan doen naamlik Beheerde kompetisie en Ope kompetisie rekords.

7.3 Ten opsigte van Beheerde kompetisie rekords moet die vangs gemaak gewees het tydens beheerde kompetisies en die rekord eis prosedure moet gevolg word soos beskryf word in die Huishoudelike Reëls van die Suid-Afrikaanse Oewer hengel Federasie.

7.4 Ten opsigte van Ope kompetisie rekords moet die vangs gemaak gewees het tydens klub kompetisies of tydens sosiale hengel uitstappies en die rekord eis prosedure moet gevolg word soos beskryf word in die Huishoudelike Reëls van die Suid-Afrikaanse Oewer hengel Federasie.

## 8. VERKIESING VAN LIGA SPANNE

Liga spanne sal jaarliks verkies word tydens Uitvoerende Komiteevergaderings vanaf ‘n meriete lys en vanaf bywoningsregister deur lede aan klub kompetisies.

## 9. HUISE EN GEBOUE

9.1 Enige lid wat geboue oprig of koop besit slegs die okkupasiereg daarvan solank as wat sy ledegeld en ander fooie opbetaal is.

9.2 Alle geboue op die plaas Bosrand bly die eiendom van die Vereeniging Hengelklub en kan nie verkoop word nie. Die okkupasiereg van ‘n lid kan egter teen vergoeding aan ‘n ander lid oorgedra word. Sodanige oordrag is onderworpe aan die goedkeuring van die Komitee.
Huis moet vir een volle jaar aan VHK-lede aangebied word voordat dit aan nie klub lede geadverteer mag word en sal onderhewig aan die volgende reëls:

- Persoon wat belang stel moet aansoek doen vir lidmaatskap aan VHK.
- Goedgekeerde lid moet aansoek doen vir okkupasiereg.
- Moet R30,000 oordragfooi betaal aan klub voor beset (bedrag kan van tyd tot tyd aangepas word deur komitee)
- Moet 4 hengelkompetisies per jaar hengel (1 September tot 31 Augustus). As nie voldoen aan 4 kompetisies per jaar nie sal daar n R 1000.00 heffing per kompetisie wat gemis word gehef word van okkupeerder tot n maksimum van R4000.00. (bedrag kan van tyd tot tyd aangepas word deur komitee)

9.3 Geboue of verbeterings aan geboue mag slegs met die toestemming van die Komitee op die plaas Bosrand opgerig word. Daar moet skriftelik daarvoor aansoek gedoen word. Planne en spesifikasies moet die aansoek vergesel. Die grense van die perseel sal vooraf aan die

aansoeker uitgewys word en mag nie sonder die toestemming van die Komitee oorskry word nie en moet voltooi wees binne 12 maande (1 jaar) of die tydperk ooreengekom met die Bestuur.

9.4 Geen verandering aan bestaande geboue mag sonder goedkeuring van die Komitee aangebring word nie. Skriftelike aansoek tesame met die nodige planne moet vooraf ingedien word.

9.5 Okkupeerders van geboue op Bosrand moet toesien dat geboue te alle tye netjies en skoon asook in 'n goeie toestand van onderhoud is. Indien 'n gebou of perseel na die mening van die Komitee nie aan die vereiste standaarde voldoen nie, sal die Okkupeerder in opdrag van die Komitee, binne 'n redelike tydperk, die nodige regstellende stappe neem. Indien dit nie geskied nie stel sodanige lid homself bloot aan tugstappe.

9.6 Wanneer 'n lid tot sterwe kom word sy okkupasiereg oorgedra na sy wettige erfgenaam mits sodanige erfgenaam lid is of lid word van die Klub. Geen oordragfooi is betaalbaar aan die klub nie. Moet deelneem aan vereiste 4 hengelkompetisies per jaar (1 September tot 31 Augustus).

9.7 Die doel van huise op die plaas is hoofsaaklik as 'n gerief vir klublede. Vakansiehuise mag dus nie verhuur word, of besoek word deur ander Klublede sonder die huiseienaar se verteenwoordigheid sonder die toestemming van die Komitee nie. Enige huurgelde ontvang sal aan die Klub oorbetaal word.

9.8 Okkupeerders van geboue is verantwoordelik vir die berging van huishoudelike vullis in doelgerigte houers met dig passende deksels. Kampeerders is ook verplig om vullis in behoorlike houers te berg. Hierdie vullis moet deur die betrokke persone verwyder en verantwoordelik mee weggedoen word. Dit mag onder geen omstandighede langs die pad gestort word nie. Lede wat hul hieraan skuldig maak sal summier geskors word.

9.9 Toilet en "porta-potti" afval mag slegs in 'n spoel toilet gestort word en op geen ander plek nie.

9.10 Die geboue mag nie gebruik word vir permanente okkupasie of mag nie gebruik word vir okkupasie vir 'n langer aaneenlopende tydperk as 14 (veertien) dae met 'n maksimum van 16 dae per maand sonder toestemming van die komitee nie.

9.11 Okkupasiereg van 'n gebou reserveer nie die oewer aangrensend aan sodanige eiendom vir die okkupeerder nie.

## 10. ELEKTRIESE EN WATER INSTALLASIE STANDAARDE

10.1 Die roetes van waterpype en elektriese kabels moet vooraf met die Komitee uitgeklaar word. Aansluitings moet ook deur die Komitee goedgekeur word alvorens slote toegegooi word. Alle installasies en aansluitings moet aan die spesifikasies soos deur die Komitee voorgeskryf word voldoen.

10.2 Die elektriese installasie binne ‘n huis moet aan die volgende vereistes voldoen:

10.2.1 Toevoerkabel na die gebou aan ESKOM-regulasies;
10.2.2 Verdeelkas hoofskakelaar maksimum 20 ampère
10.2.3 Aard lekkasie skakelaar 20 ampère
10.2.4 Muurproppe 15 ampère stroombreker
10.2.5 Ligte 10 ampère stroombreker
10.2.6 Geyser 15 ampère stroombreker

10.3 Huiseienaars mag slegs aan krag op sy eie eiendom werk. Enige werk aan ander elektriese installasies of toebehore mag slegs met die toestemming van of in opdrag van die Komitee gedoen word.

10.4 Alle waterpype moet van koper, staal of klas 3 PVC pyp wees.

**11. FOOIE**

Die Uitvoerende Komitee is by magte om fooie, indien omstandighede dit vereis, tussentyds aan te pas. Sodanige aanpassing is onderhewig aan die goedkeuring van die eersvolgende Algemene Jaarvergadering.

**12. LIDMAATSKAP**

12.1 Alle aansoeke van voornemende lede moet op die voorgeskrewe vorm wees vir oorweging deur die Komitee. Indien ‘n aansoek afgekeur word hoef geen redes daarvoor verstrek te word nie.

12.2 Lede moet ten alle tye wanneer lidmaatskap kaarte uitgereik is in besit daarvan wees en dit op aanvraag toon.

12.3 ‘n Lid moet 2 (twee) jaar as lid van die Komitee gedien het voordat hy in die poste van Voorsitter of Vise-Voorsitter verkies kan word.

12.4 Alle skoolgaande en jonger kinders besit gratis toegang tot Bosrand en mag ook aan al die aktiwiteite van die Klub deelneem, met voorbehoud dat hulle altyd onder toesig van volwaardige lede sal deelneem aan sulke aktiwiteite.

**13. GASTE DAE**

13.1 Gedurende die volgende tye mag ‘n lid ‘n gesin gratis as besoekers uitnooi:

13.1.1 Paasnaweek (12:00 Donderdag tot 17:00 Maandag)
13.1.2 Prysuitdelings naweek (12:00 Vrydag tot 17:00 Sondag)
13.1.3 Kersdag tot Nuwejaarsdag (12:00 24 Desember tot 10:00 2 Januarie)

13.2 Besoekersfooie soos vasgestel is betaalbaar aan die klub.

13.3 Elke lid sal geregtig wees om naweke 6 besoekers, teen besoekers fooie, na Bosrand te neem, mits die lid ten alle tye teenwoordig is. Gelde betaalbaar vir so 'n naweek moet vooraf in die rekening van die Klub inbetaal word of kan by opsigter betaal word. Persone wat nie voldoen aan bogenoemde vereistes nie, se voorregte ten opsigte van gaste naweke sal vir 'n tydperk van 2 jaar, vanaf datum van oortreding, opgeskort word.

## 14. ALGEMENE REËLS

14.1 Die ordonnansie op Natuurbewaring moet streng nagekom word.

14.2 Geen bestuurder van ‘n voertuig mag die snelheid van 10 km/h oorskry nie en geen ongelisensieerde bestuurder mag ‘n voertuig op Bosrand bestuur nie. Daar sal streng teen oortreders opgetree word.

14.3 Geen swem word tydens kompetisies of waar lede buite kompetisies hengel, toegelaat nie.

14.4 Geen wasgoed mag in die kleedkamers gewas of gestryk word nie.

14.5 Die gebruik van elektriese verlengkoorde van een perseel na ‘n ander of woonwa of tent word nie toegelaat nie.

14.6 Die gebruik van elektriese stowe is geheel en al verbode en geen sodanige stoof mag op die perseel gehou of gestoor word nie.

14.7 Geen windbukse of voëlrekke word op Bosrand toegelaat nie. Geen persoon mag ‘n vuurwapen aan sy lyf op die plaas dra nie. Vuurwapens moet te alle tye soos deur die Wet vereis veilig bewaar word. Wanneer ongediertes van kant gemaak moet word mag dit slegs met die voorafgoedkeuring van die Dagbestuur of in opdrag van die Dagbestuur gedoen word.

14.8 Geen krappe mag in die rivier op Bosrand vir welke doel ook al gevang word nie.

14.9 Geen werkers of bediendes mag op Bosrand werk sonder die toestemming van die Voorsitter of Vise-Voorsitter nie.

14.10 Werkers wat op Bosrand met toestemming werk mag onder geen omstandighede sonder toesig op Bosrand wees nie.

14.11 Werkers of bediendes van huiseienaars of lede mag in die stoor slaap mits die stoor in dieselfde toestand as voor gebruik gelaat word.

14.12 Geen lid mag bediendes of werkers wat in diens van die Klub is enige opdragte gee binne normale werksure nie. Werkers is slegs verantwoordelik vir klubeiendom soos bv. Tuine,

paaie, oewer en besproeiïng. Eienaars is self verantwoordelik vir hul eie tuine en gras om huise.

14.13 Enige klagtes ten opsigte van die plaaswerkers moet skriftelik aan die Voorsitter gerig word.

14.14 Tydens vakansiedae en lang naweke mag geen rusverstorende werk verrig word nie.

14.15 Die plaashek moet ten alle tye gesluit wees – selfs wanneer lede die plaas net vir ‘n kort rukkie verlaat.

14.16 Alle honde moet ten alle tye onder die beheer en kontrole van sy eienaar wees en mag nie vrylik op Bosrand rondloop nie. Die Klub aanvaar geen aanspreeklikheid in hierdie opsig nie en die eienaar sal aanspreeklik wees vir enige gebeurlikheid.

14.17 Geen goedere soos boumateriaal of ander groot items mag op Bosrand afgelaai word sonder dat die toestemming en die plek vir aflaai deur die Voorsitter aangewys is nie.

14.18 Geen alkoholiese drank sal tydens die Jaarvergadering of enige vergadering van die Klub toegelaat word nie.

*14.19* Heffing

Indien n Huiseienaar nie voldoen aan die 4 hengelkompetisies soos uiteengesit in klousule 9.2(c) nie, (Hengel jaar strek van 1 September tot 31 Augustus), sal die Huiseienaar ‘n heffing onvang van n berag van R1000.00 per kompetisie tot n maksimum van R4000.00 per hengel jaar. Die heffing sal bygevoeg word tot die huiseienaar se rekening en moet oorbetaal word in VHK se rekening. Indien die huiseienaar nie sy heffings fooi betaal nie sal die huiseienaar voor die komitee gedaag word. Daar is dan die moontlikheid dat die huiseienaar as lid geskors kan word. Skorsing van ‘n lid sal lei dat hy/sy hulle okkupasiereg op Bosrand gaan verloor/verbeur asook toegang tot Bosrand geweier gaan word. Met verbeuring van okkupasie reg, sal die lid sy okkupasie regte moet verkoop soos meer duidelik uiteengesit in klousule 9.2 hierbo.

Vrygestelde lede is nie verplig om aan die 4 kompetisies deel te neem nie maar moet nogsteeds waar moontlik aan klub aktiwiteite deelneem. Lede kan slegs vrygespreek word na aansoek aan en met goedkeuring van komitee. Vrygespreekde lede sal aangetoon word op huiseienaars lys.

Heffing sal van tyd tot tyd hersien word deur die komitee.

Ek die, ondergetekene, bevestig hiermee dat ek die inhoud van die Huisreëls verstaan en onderneem onherroeplik om te voldoen aan alle voorwaardes soos gestipuleer en bevestig sodanig by bewyse van my handtekening hiertoe.

*Geteken te* _________________________ *op* __________________________*20*____

*Naam* _______________________ *Handtekening* _______________________

*Getuie* ______________________